23.12 RAPPORT DEPUTATE PUBLIKASIES – UITGEE VAN DIE HANDELINGE (Art 129)

A. Ds CA Jansen lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Opdrag

Kyk Acta 2012:441.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 Die Handelinge van die Sinode in 2012 is uitgegee volgens die handleiding wat deur die Sinode van 1985 vasgestel is (Acta 1985:51-53).

2.2 Volgens vorige Sinodebesluite is die volgende sake gehanteer:

2.2.1 Handelinge 2012 is van ’n alfabetiese indeks voorsien, asook ’n register van artikels voor in die Handelinge, soos dit in volgorde op die Sinode gedien het (Acta 1994:630, 631).

2.2.2 Die tersaaklike Notule-artikels is by elke saak aangedui (Acta 1994:630).

2.2.3 Slegs 400 eksemplare (eksemplare aan Kerkrade, pligeksemplare en bestellings) van die Handelinge is gedruk. Die Handelinge 2012 is op die webblad van die GKSA beskikbaar gestel.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.2.3 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

3.1 Die Sinode benoem weer Deputate vir die Uitgee van die Handelinge volgens die riglyne van Sinode 1985 (Acta 1985:51-53). Die Skriba en adjunk-skriba van Sinode 2015 moet ook as Deputate benoem word.

3.2 *Die Sinode begroot vir die volgende uitgawes*

3.2.1 Koste verbonde aan die publikasie van die Handelinge.

3.2.1.1 Word verwys na die Bestuur van die Administratiewe Buro saam met die Deputate vir Uitgee van die Handelinge. Daar word weer slegs die nodige aantal eksemplare gedruk.

3.2.1.2 Die Handelinge word weer op die webblad van die GKSA geplaas.

3.2.2 Fondse vir taalkundige versorging.

3.2.3 Reiskoste vir Deputate.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.2.3 goedgekeur.

3.2.4 Dat die Deputate ondersoek instel na die elektroniese indeksering sowel as ‘n soekfunksie vir die Handelinge.

Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).